Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Faiq Salie**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
WCED.Irregularities@westerncape.gov.za | 021 2929/84

Lêerno.: 19/4/11/1
Verwysing: 20250217-691

Omsendbrief: 0007/2025
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en eksamenkoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike skole/inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Die vestiging van Distriksassesseringsonreëlmatighedekomitees.*

**Onderwerp: Direktiewe vir die vestiging van Distriksassesseringsonreëlmatighedekomitees (DAOK's)**

1. Hierdie omsendbrief herroep en vervang Omsendbrief 0025/2008 van 13 Augustus 2008, en Assesseringsbestuursminuut 0006/2017 van 15 Maart 2017, in hul geheel.

2. Die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 31337 van 29 Augustus 2008, soos gewysig op 30 April 2019, verleen volmag vir die vestiging van Distriksassesserings-onreëlmatighedekomitees (DAOK's) en Skoolassesseringsonreëlmatighedekomitees (SAOK's).

3. Die DAOK's is 'n verlenging van die Provinsiale Eksamenonreëlmatighedekomitee (PEOK) wat onder hierdie komitee se jurisdiksie funksioneer en sal op 'n kwartaallikse basis aan die PEOK verslag doen oor alle gevalle wat by die DAOK's aangemeld word. Die PEOK sal die verslae van die DAOK's saamvoeg en 'n provinsiale verslag aan die Nasionale Eksamenonreëlmatighedekomitee voorlê.

4. Die DAOK's sal alle interne skoolgebaseerde assesseringsonreëlmatighede in die Algemene Onderwys- en Opleidingsband en Verdere Onderwys- en Opleidingsband hanteer. Hulle sal ook verantwoordelik wees vir die bestuur van onreëlmatighede wat verband hou met assesserings op nasionale, provinsiale, distriksvlak en formele skoolgebaseerde assesserings, praktiese assesseringstake (PAT'e), algemene assesseringstake; die algemene PAT'e op nasionale, provinsiale en distriksvlak, en taal-mondelinge is hierby ingesluit.

5. Die DAOK's sal jurisdiksie hê oor enige beweerde onreëlmatigheid wat plaasvind op skoolvlak binne distrikte tydens interne assesserings wat by skole afgeneem word. Hierdie onreëlmatighede hou verband met die volgende prosesse:
5.1 registrasie van leerders vir provinsiale en nasionale eksamens;
5.2 bestuur van skoolgebaseerde assesseringsprosesse;
5.3 bestuur van provinsiale en nasionale assesseringsprosesse;
5.4 monitering en moderering van interne assesserings;
5.5 samestelling van interne assesseringspunte;
5.6 vaslegging en verwerking van data ten opsigte van interne assesserings;
5.7 opstel en moderering van interne assesseringsvraestelle;
5.8 aanpassing van punte sonder om behoorlike prosesse te volg en sonder oorlegpleging met die distrik;
5.9 kwartaallikse rapporte; en
5.10 enige ander onreëlmatigheid ten opsigte van interne assessering, wat nie deur die SAOK's opgelos kan word nie.

6. Die Hoof van die Departement (HvD) moet die aanstelling van alle DAOK-lede wat deur die distriksdirekteur en die Hoof van Eksamens in die provinsie benoem is, bekragtig. Die HvD mag hierdie funksie delegeer.

7. Die DAOK's moet op distriksvlak uit die volgende lede bestaan:
7.1 Die distriksdirekteur of sy/haar afgevaardigde sal as die voorsitter van die DAOK dien. Indien die funksie aan 'n afgevaardigde gedelegeer word, moet dit op skrif gestel word.
7.2 Die Assesserings- en Eksamenkoördineerder van eksamens
7.3 Die Hoof: Kurrikulumondersteuning
7.4 Die Hoof: Bestuur en Beheer
7.5 Die Werknemerverhoudingebeampte
7.6 Kringbestuurders (maksimum van 10)
7.7 Daarbenewens, een lid van die PEOK. (Die amptenaar van óf die Direktoraat: Assesseringsbestuur óf Eksamenadministrasie, sal as 'n skakel tussen die PEOK en DAOK dien.)

8. Distriksdirekteure word versoek om teen **31 Maart 2025** die name van die genomineerde lede **(Bylae A)** aan die Direkteur: Assesseringsbestuur voor te lê.

9. Daar word van distrikte verwag om hul DAOK's teen **15 April 2025** gevestig en ten volle funksioneel te hê. Elke DAOK moet 'n opdrag aanvaar om te verseker dat funksionaliteit deur toepaslike bestuursprosedures ondersteun word.

10. Toepaslike kommunikasie betreffende die funksionering van die DAOK's moet aan alle skole in die distrik gestuur word.

11. Die Direktoraat: Assesseringsbestuur vervul 'n oorsigrol betreffende die vestiging van DAOK's en kan in hierdie verband geraadpleeg word.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2025-03-13